

Van die lessenaar

Regsake, handel, organisasies en pekelwater

Ek het verlede maand begin praat oor die munispale verkiesings en daar was gewis interessante resultate – baie veranderinge en tog so min as ‘n mens dieper in die stempatrone delf. Daar is ook nie veel veranderinge in die die braaikuiken en eiernywerhede nie en dinge gaan net erger, meer so vir die braaikuikenprodusente.

Die jongste weervoorspellings dui daarop dat die oorgang van El Niño na La Nina effens vertraag sal word en die La Nina-effek sal waarskynlik later in die seisoen gesien word. Hopelik sal dit in tyd wees vir 'n ordentlike mielie-oes sodat pryse van voerbstanddele volgende jaar kan begin daal. Lente is hier.

Verlede maand het ek berig oor die afsterwe van Arend Kuipers. Die maand is ek hartseer om verslag te doen oor ‘n verdere verlies met die afsterwe van dr Louis Theron. Selfs terwyl sy gesondheid begin agteruit gaan het, het hy nie gewankel in sy passie en energie vir sy werk nie en het hy voortgegaan om hard te werk vir die vooruitgang van die bedryf. Soos almal sal ek hom baie mis. Sy familie en Carien sal hom nog meer mis.

Pekelwater

Heelwat werk het verlede maand plaasgevind ter voorbereiding van die hersiening van die pekelwater-regulasies wat sou plaasvind voordat julle dié lees. Rondom 4 000 bladsye later is die saak gereed vir die hof. Hopelik sou een deel van die aansoek – die skorsing van die regulasies afhange van die beslissing rondom die hersiening – afsonderlik aan julle meegedeel wees. Die belangrikste besluit is waarskynlik eers oor ‘n paar maande.

Ons het afsonderlik by die DvLBV aansoek gedoen dat die implementeringsdatum die laaste dag van produksie is en nie verkope nie. Beide die Uitvoerende Beampte en die Direketeur-generaal het ons aansoek afgekeur én die appèl daarteen. Ons het toe ‘n dringende hofaansoek ingedien oor die gevolge van die besluite. Die saak sou ook al voorgekom het teen die tyd dat julle dié lees en die uitslag afsonderlik aan julle meegedeel. In eenvoudige terme weet die bedryf nie wat se voorraad in die kleinhandelstelsel is nie en afgesien van sy eie voorraad, sal die voorraad in die kleinhandelstelsels onverkoopbaar verklaar word. Dit is bisar en so 'n vermorsing van geld en goeie kos. Hopelik sal die Hof die betekenis van gesonde verstand vir die DvLBV bepaal.

Salmonella hofsaak

Soos julle weet is ons aansoek om die sogenaamde Salmonella aanhangsel opsy te sit onlangs van stapel gestuur. Dit was die finale verpligte dokument aan Amerika na hulle dreigement rondom die opskorting van belastingtoegewings vir Suid-Afrikaanse landbou-uitvoere in terme van AGOA. Geen ander land word uitgesonder met variasies op die standaard toetsregulasies nie en die verskille stel na ons mening die gesondheid van Suid-Afrikaners in gevaar. Dit is nie 'n aanval op die AGOA-kwota nie, maar ek is seker baie mense sien dit so. Ons moet die uitsonderings wat aan Amerika toegestaan is op ‘n billike manier regstel. Ek is bly om julle mee te deel dat daar ‘n kans is om dit op te los sonder om hof toe te gaan. Dit is ongewens om ons regering se vernaamste vennoot hof toe te sleep en in my tien jaar by die SAPV het ons die benadering vermy. Nou, in die bestek van een jaar is ons gewikkel in drie afsonderlike hofsake teen die DvLBV en ander. As dit ons treurjaar is kan ons uitsien na ‘n volgende jaar waar die son in al die plekke skyn waar ons dit nodig het.

Organisatoriese sake

Die komitee van die Eierorganisasie het verlede maand vergader en meer daarvoor is in die volgende uitgawe van Charlotte se kolom. Die goeie nuus is dat die ledetal weer groei en ons is dankbaar vir al die betrokennes want dit is iets wat Charlotte nie alleen kon doen nie. Die hoflike aanbod vir ondersteuning van die Braaikuikenorganisasie laat toe dat Galliova die jaar kan plaasvind en ek hoop dat alle lesers hulle sal bedank. Sonder hulle ondersteuning sou 'n kompetisie wat al meer as 'n kwart eeu oud is gekanselleer moes word. Dit gaan die Eierorganisasie realisties gesproke 'n paar jaar neem om finansiël te herstel.

Die komitee van die Braaikuikenorganisasie het ook verlede maand vergader en 'n vol agenda hanteer. Sommige van die belangrikste besluite was soos volg:

Algemene uitgawes is binne die begroting, maar regskostes is heelwat meer as waarvoor begroot is met al die werk wat vanjaar gedoen is en daar gaan nog heelwat meer uitgawes wees. Daar is geen manier om dit te vermy terwyl ons deur die handel en regulatoriese uitdagings aangeval word nie;

Die implementering van die IMI-skema sal waarskynlik verder vertraag word deur 'n ongunstige en onbekende regsmening van die Staatsregsadviseurs wat daarop kan dui dat veranderinge aan die voorgestelde skema gemaak moet word;

Die Afri-ooreenstemming wat vir produsente-insette ontwikkel is is goedgekeur sodat alle produsente onreëlmatighede in 'n gestruktureerde manier kan aanmeld. Ons vra dat julle almal die vorms gebruik om ons doeane-monitorkonsultante te help;

Die Komitee is nog nie in 'n posisie om 'n besluit oor die publieke verhouding of kommunikasieveldtogte te neem nie; en

Produsente moet betrokke raak by die twee SAPV-spanne wat besig is om die praktykskode te hersien en die vrywillige standaard-prosesse van die SABS. Kontak die SAPV kantoor indien julle belangstel om insette te lewer.

Die Raad het verlede maand ná die vergaderings van die twee filiale vergader. Ons het vir die eerste keer nie 'n kworum gehad nie omdat een van die verteenwoordigers van die Braaikuikenorganisasie afwesig was. Dit beteken dat alle besluite wat op die vergadering geneem is nog deur die afwesige lid bekragtig moet word. Die lys van besluite hieronder kan moontlik met tyd gewysig word.

Daar is besluit dat vreemde taalopleiding nodig is weens die oorfloed akronieme wat in die sektor gebruik word. Ons het 'n lys van akronieme vir ons lede voorberei en dit is enige tyd beskikbaar vir diegene wat dit wil hê.

Ons het ook besluit dat die direkteurspos vir die Produktontwikkeling en Bestuursvereniging gevul moet word omdat ons momentum verloor met die belangrike projek. Dit sal hopelik voor die einde van die jaar gebeur.

Ons is besig om die struktuur van die notules te verander sodat dit meer gebruikersvriendelik is en komiteede sal help om makliker 'n oog te hou oor die vordering.

Die vennootskap met BFAP en die Universiteit van Wageningen het ons geweldig gehelp en toon dat ons goeie en doeltreffende pluimveeveisprodusente is. Ons moet dieselfde vir eiers doen en dan 'n reeks stories oor die twee bedrywe ontwikkel met die plaas-tot-verbruiker data. Dit is 'n langtermyn projek en ons sal enige insette oor wat die verhale moet vertel waardeer.

Die Media Verhoudingskomitee wat vir 'n geruime tyd op ys gehou is terwyl ons deur die strategiese proses gewerk het, het nou herleef. Dit sal bestaan uit die voorsitter van die SAPV, die voorsitters van die twee filiale, die voorsitter van die Transformasiekomitee en die personeel van

die SAPV wat by projekwerk betrokke is. Ons eerste vergadering sal binne die volgende paar maande wees en sal gebruik word om 'n raamwerk vir ons doelwitte te stel.

'n Besigheidsplan vir die immergroen trustkonsep vir oortollige fondsheffings sal opgestel word met 'n trustakte aangeheg wat raadslede moet hersien voor die volgende vergadering sodat finale voorleggings vir goedkeuring deur die NLBR gedoen kan word.

Die Raad is bekommerd dat die Telersgenootskap wat veronderstel is om sekere funksies van die ou Kuikenprodusenteorganisaie oor te neem nog in werking gestel moet word. Telers antwoord nie op herhaalde briewe nie en die Raad het 'n sentrale lid aangewys om aan die projek te werk.

Colin Steenhuisen het Robin Barnsley op die Bulletinraad vervang en Aziz Sulliman is verkies as voorsitter van die Pluimveebulletinraad.

'n Spesiale strategiese hersieningsessie is voor die raadsvergadering gehou en 'n aantal van bogenoemde kom uit besluite wat hier geneem is. Hoewel dit 'n rukkie kan neem, moet ons 'n eenvoudiger manier kry om die verskeie dele van wat die SAPV moet doen en wees te meet en te monitor. Die vorm waarvolgens ons werk is nog nie klaar nie, maar sal redelik gou voltooi wees en dan aan lede meegedeel word.

Handel

Itac het die noodsaaklike brief in ons EU-beskerdingsaksie uitgereik. Hulle het bevind dat EU-invoere die grootste bedreiging vir die ernstige versteuring van ons mark is. Hulle het ook bevind dat daar buitengewone omstandighede by betrokke is. Nou wag ons vir hulle voorstel oor hoe om die situasie reg te stel. Ons hoop om die antwoord in September te hê en sal dan wag om te sien watse aksie minister Davies neem. Omdat Suid-Afrika die nuwe samewerkingsooreenkoms tussen Sadu en Mosambiek aan die een kant en die EU aan die ander kant goedgekeur het, kan die implementering van die voorgestelde verligting effens vertraag word.

Ons betoog teen die Amie-hoofaansoek om dié oorsigproses te betwis is ingedien en ons wag nou vir Amie se volgende skuif. Toe die EU-teenstortingaksie plaasgevind het het Amie ook probeer om dit deur middel van die hof te betwis. Sedert die afkondiging van die finale belasting lyk dit asof hulle hul aptyt verloor het om die saak verder te voer. Miskien sal dieselfde hier gebeur? Dit is tydrowend en duur wat natuurlik kan wees wat Amie wil bereik. Die vreugdes van regsdispute!

Invoervlakke is ontsettend hoog en groot werksverliese is op hande. Die regering moet met sy gereeskenskap werk; dit is 'n omsigtige proses hoewel ons wens dat hulle meer aan die onderkant wil vroetel om met die towerinstrument vorendag te kom wat ons almal nodig het om 'n ramp af te weer.

Daar is steeds ietwat vordering met die ontsluiting van nuwe uitvoermarkte hoewel daar oorvloedige onverwagte vrae opduik. Een mark het byvoorbeeld gevra dat die houers gesertifiseer word dat daar nooit vark in hulle vervoer is nie. Dit is moeilik vir 'n plaaslike veearts om dit vas te stel. Die gebruik van 'n konsultant om die proses te ondersteun was sover baie effektief.

Algemeen

Ons het verlede maand 'n voorlegging aan beleggers by die AFMA strategiese sessie in Kaapstad gedoen en aan die tegnisi by 'n etiketteringskonferensie. Ons het ook die jaarlikse BFAP basislyn bekendstelling bygewoon. Hulle ontleding van ons bedryf is heel kwetsend omdat hulle ons pluimvee-vleisbedryf oor tyd sien inkrimp en beperkte groei vir die eierbedryf voorspel.

Ek het verlede maand genoem dat ek en Agmat 'n vergadering van die AgriSA bedryfskamer bygewoon het. As opvolg tot die vergadering is 'n taakspan bymekaar gestel wat my insluit om die

besprekings verder te neem. Die eerste vergadering is verlede maand gehou en meer sal volg. Die idee is om met 'n manier vorendag te kom om dit makliker vir meer kommoditeite te maak, ons insluitend, om by 'n enkele bedryfskamer vir alle landbou in Suid-Afrika te wil aansluit. Dit is duidelik julle besluit as die lede van die SAPV, nie die van die SAPV-sekretariaat nie, maar ons wil iets aan julle voorstel wat julle glo voordelig vir almal kan wees. Hopelik sal die besprekings teen die einde van die jaar afgehandel wees.

Groete tot volgende maand

Kevin Lovell

Hoof Uitvoerende Beampte